# 'N MISSIONALE ALTERNATIEF VIR HUISBESOEK? OPKOMENDE BOUSTENE VIR 'N MISSIONÊRE EKKLESIOLOGIE

*Guillaume Smit*
*Navorsingsgenoot: Departement Praktiese Teologie en*
*Navorsingsgenoot: Navorsingseenheid vir Nuwe Testament*
*Universiteit van Pretoria*

***ABSTRACT***

***A MISSIONAL ALTERNATIVE TO HOME VISITATION? EMERGING BUILDING BLOCKS FOR A MISSIONARY ECCLESIOLOGY***

*This article researches the question whether misisonal alternatives exist to pastoral home visitation. Specific attention is given to the reformed practice as developed by John Calvin. A cursory look is then given to the pastor-shepherd imagery of the New Testament, before an attempt is made to deconstruct the practices of home visitation.*

*As part of this process of deconstruction, the hermeneutic communicative building blocks of a missional ecclesiology are investigated and special attention is given to the public gatherings of the church as first place of testimony. Finally, a scheme for the further deployment of ecclsiological mission fulfillment is discussed.*

## 1 INLEIDING

Met die eerste oogopslag lyk dit na 'n teenstrydigheid om 'n geykte bedieningspraktyk soos huisbesoek teologies te verbind aan missionêre ekklesiologie. Huisbesoek, soos dit hier verstaan word, verwys na 'n bedieningspraktyk in die gereformeerde teologiese tradisie waar predikante en kerkraadslede op sistematiese wyse hulle gemeentelede aan huis besoek, hetsy vir gemeente-administrasie soos

dankofferinsamelings – deur die diakens, of persoonlike kontak aan huis voor nagmaal – deur die ouderlinge, of sistematiese besoek vir pastorale bediening in die gesin – deur die predikante (De Klerk 1978:103).

Hierdie soort huisbesoek word as argaïes beskou aangesien hierdie spesifieke bedieningspraktyk oor die afgelope dekades algaande in onbruik geraak het as strategiese bedieningsmeganisme. Dis veral sigbaar in meer onlangse kerkordelike dokumente wat die tradisioneel sentrale posisie van huisbesoek al meer uit die taakomskrywings van kerklike ampsdraers verwyder (Ernst 2007:5–6). Tesame met 'n kwynende tendens in lidmaattalle lei dit tot toenemende nadenke en teologiese herbesinning oor bedieningseffektiwiteit by veral kerke met 'n Europese oorsprong (Hendriks 1997:27).

### 1.1 Die einde van 'n era bring teologiese herbesinning

Die huidige samelewingskonteks staan in die gees van die einde van 'n era van "gekerkte kultuur". As verstaansparadigma het hierdie kerkkultuur Christenskap eerder gedefinieer op grond van 'n persoon se geboorte eerder as op sy/haar geloofskeuse. Die samelewing funksioneer ook binne die raamwerk van Christelike oortuigings sonder enige bewuste instemming omdat die Christendom die amptelike geloof van die amptelike kultuur is (Niemandt 2007:14–15).

Die heengaan van die Christendom-paradigma lei tot die paradoksale verskynsel dat die kerk as instelling aan die kwyn is, terwyl nuwe gelowe en 'n veelvoud van spiritualiteitsvorme ongekende groei beleef (Robinson 2006). Bowenal word verskuiwings binne die Christendom as 'n stille geloofsrevolusie beskryf, waarin miljoene Christene die ou, aanvaarde maniere van kerk-wees begin verruil vir nog ouer benaderings (Viola & Barna 2008:xxv). Die kerk word hierdeur verplig om haar bestaansdoel te herondersoek en gemeentes om hulself as sendingstasies te begin beskou (Callahan 1990:13).

### 1.2 Wetenskapsteoretiese konteks

Vanuit 'n wetenskapsteoretiese oogpunt beskou lê die besinning oor huisbesoek op die gebied van teorieë vir die bedieningspraxis. Daar is voorheen redeneer dat bedieningspraxis na die werksaamhede van gemeentes in en deur gemeentelede om in hulle gemeenskappe die heil van Christus sigbaar te leef, verwys (Smit 2008b:162). Om die

verhouding tussen teologie en bedieningspraktyk te operasionaliseer, moet 'n wetenskapsteoretiese raamwerk geskep word om die wisselwerking te verreken. In hierdie raamwerk funksioneer teorievorming oor bedieningspraxis as medewerker tot die dekonstruksie van 'n verstarde teorie-van-praxis op pad na die vestiging van 'n alternatiewe bedieningspraxis (Smit 2008a:107–108).

Teorieë vir bedieningspraxis is veral afhanklik van besinning oor die ekklesiologie. Dit vorm die fondament van 'n integrerende teologiese teorie vir die funksionering van 'n gemeente. Teologiese teorieë wat bedieningseffektiwiteit ontwikkel, moet prinsipieel gemeet word aan die ekklesiologiese fundering van hierdie bediening, en aan die reformering van die bedieningspraktyke om die kerk se roeping in veranderende kontekste te reflekteer. Die bedieningspraxis word dus verstel wanneer teologies nagedink word oor die impak van die heersende sosiale konteks op die gemeente asook haar Skrifverstaan en tot watter mate die gemeente 'n getuienis te lewer het oor die Christelike geloof (Smit 2008b:162).

Volgens Heitink (1993:160–161) kan die wisselwerking tussen teologiese teorie, praktiese konteks en verstelde praxis deur spesifieke navorsingsprosesse geïntegreer word. Deur benutting van hermeneutiese interpretasieteorieë, empiriese ondersoek en die "agologiese" bestuur van verandering kan prakties-teologiese teorievorming met die oog op 'n verstelde bedieningspraxis plaasvind. Op hierdie manier word die normatiewe gesag van die Skrif verdiskonteer midde-in die sosiaal-wetenskaplike konteks en vind dekonstruksie van die heersende bedieningsteorieë plaas met die oog op bedieningseffektiwiteit. Dekonstruksie word verstaan as die definiëring van nuwe inhoude, nadat onder andere gesoek is vir inherente spanningspunte, teenstrydighede en onverstaanbaarheid in tekste (Sweet, McLaren & Haselmayer 2003:87).

### 1.3 Navorsingsdoelwit

Die gevolglike navorsingsdoelwit van hierdie artikel is om 'n ondersoek te loods na 'n verstelde bedieningspraxis vir huisbesoek met die oog op verrekening in 'n missionerende ekklesiologie.

## 2 HUISBESOEKONDERSOEK

### 2.1 Johannes Calvyn en die oorsprong van huisbesoek

Huisbesoek as bedieningspraktyk vind 'n oorsprong by Johannes Calvyn. Calvyn het die beginsel gevestig dat Christus alleen in die kerk regeer en heers, maar dat Hy van die dienswerk van mense gebruik maak as plaasvervangende werksaamheid, *"alleen om door hun mond zijn eigen werk te volbrengen, gelijk ook een handwerksman tot het maken van zijn werk gereedschap gebruikt"* (Calvyn 1959/3:54). Hierdie dienswerk deur mense, in die bestuur van die kerk, is vir hom die vernaamste senuwee waardeur die gelowiges in een liggaam verbind word aan mekaar (Calvyn 1959/3:56).

Calvyn se ampsbeskouing bou voorts op 'n keuse om die ampsbeskrywing in Efesiërs 4:10–11 in een persoon te integreer en uitsluitlik te verbind aan herderlike ampswerk (Calvyn 1959/3:59–61): *"Maar het is mijn voornemen niet alle gaven van een goed herder afzonderlijk op te sommen, maar slechts aan te wijzen, wat zij beloven te zullen doen, die sich herders noemen: namelijk de kerk zo te leiden, dat het hun niet te doen is om een waardigheid zonder arbeid te bekleden, maar om het volk door de leer van Christus tot de ware vroomheid te onderwijzen, de heilige sakramente te bedienen en de rechte tucht te onderhouden en te oefenen"* (Calvyn 1959/3:61).

### 2.2 Huisbesoek en kerklike tug

De Klerk (1978:103) en Theron (2006:148) verbind Calvyn se klem op huisbesoek aan die siening dat hy dit as 'n plaasvervanger vir die Roomse biegpraktyk beskou het, deurdat die tug tydens huisbesoek uitgeoefen word. Vir Calvyn is die tug die "senuwees" van die kerk in die vestiging van die gemeente se onderlinge verbondenheid. Hy ken die volgende funksies aan die tug toe: Die tug beskerm die gemeente teen enigeen wat die leer van Christus sou teenstaan; dit is die prikkel wat die onwilliges aanmoedig; dit is ook die "vaderlike tugroede" wat op sagmoedige wyse en in ooreenstemming met Christus se Gees diegene wat geval het, kasty (Calvyn 1958/3:257).

Vervolgens lê hy – as fondament vir die tug – die beginsel neer dat die besondere vermaning van gemeentelede 'n plek het wanneer hulle uit hul eie nie hul plig doen nie, of wanneer hulle hulself onbehoorlik gedra of minder eerbaar leef, of wanneer hulle iets gedoen het wat berispenswaardig is. Vir die uitvoering van hierdie tug-

beginsel word die herders en die ouderlinge getaak, *"wier taak niet alleen is te prediken tot het volk, maar ook van huis tot huis vermanen en op te wekken, indien men door de algemene lering niet voldoende vordering gemaakt heeft"* (Calvyn 1959/3:258). Hiervolgens is die funksie van die herderlike huisbesoek dus om individuele gemeentelede op hulle geestelike groeipad te vermaan, aan te moedig en waar nodig te bestraf.

### 2.3 Huisbesoek in praktyk

As bediening is huisbesoek tradisioneel ingestem op gesprekmatige Woordbediening – wat aansluit by die verkondiging in die erediens en die groot waarhede van die geloof (De Klerk 1978:116). Dit kan ook beskryf word as lering en sorg van 'n besondere aard, wat by die bediening van die Woord aansluit (Kleynhans 1984:67). Deur organisatoriese bemiddeling van die kerkraad word gemeentewyke planmatig deur die leraar besoek. Veral vertoon hierdie huisbesoek 'n formele, amptelike karakter waar *"sonder veel omhaal van woorde tot die punt gekom word"* (De Klerk 1978:115).

De Klerk (1978:106) verstaan die ampskarakter van huisbesoek binne die referensiekader van gesag en diens. Deur die huisbesoek verteenwoordig die leraar die gesag van Christus en is hy as "man van God" die simbool van God se herderskap (De Klerk 1978:110). Die predikant is 'n waardige gesagsfiguur wat deur Woordbediening die gemeentelede pastoraal versorg, geestelik opbou en herderlik vermaan.

Dit is uit bogenoemde bespreking duidelik dat die fundering vir pastorale versorging van medegelowiges deur huisbesoek pertinent aan die herder-kudde-metafoor verbind is. Die ampswerk van veral die predikant word deur hierdie toepassing aan Woordverkondiging verbind en uiteindelik institusioneel vasgelê (Smit 2008b:163–164). De Klerk (1978:105) voer aan: *"Dit is op gesag van vele Skrifgronde dat die huisbesoek as amptelike, vertroulike en herderlike sorg aan die enkele lidmate en in hulle huise gehandhaaf is."*

## 3 HERDER-KUDDE HERBESOEK

Die herhalende voorkoms van hierdie beeld in die Bybel reflekteer die antieke verwysingsraamwerk waar skaapboerdery 'n belangrike ekonomiese aktiwiteit in die Mediterreense wêreld was (Van der

Watt 2000:57). Gevolglik vind mens in sowel Joodse literatuur as Hellenistiese Judaïsme verwysings na die volk van God as sy kudde en na God of sy verteenwoordigers as die herder (Dodd 1953:135).

Van der Watt (2000:91) maan teen die aanwending van metafore in isolasie of as individuele konsepte. As woordbeelde wat deur hul letterlike verwysingsraamwerk 'n figuurlike konteks oopsluit, is metafore ingebed saam met ander stylfigure wat in diens tree van die narratief om die bedoelde boodskap oor te dra. Die bedoeling met metafore is om die fokus te plaas op die sentrale figurante van die narratief (Van der Watt 2000:92). Teen hierdie agtergrond beskou, vervul 'n metafoor verskillende funksies in die tekste wat daarna verwys.

Dit val buite die fokus van hierdie bespreking om 'n omvangryke ondersoek na die herder-kudde-metafoor te loods, derhalwe word slegs enkele Nuwe Testamentiese verwysings van die metafoor bespreek.

### 3.1 Herder-kudde in Matteus

In Matteus 18:10–14 funksioneer die metafoor as aanduiding dat die geloofsgemeenskap nie kan bestaan met die oog op die behoud van 'n enkele regverdige nie, maar gefokus moet wees op sondaars wat tot geloof kom (Schweizer 1975:368–370). Die fokus is op die redding van verlore enkelinge. Indien mens in ag neem dat die volk Israel in geheel beskou is as die kudde van God, is die metafoor hier nie op versorging nie, maar op 'n uitreiking na diegene wat deur God uitverkies is tot redding, en nog nie tot geloof gekom het nie.

Matteus verstaan boonop dat die verantwoordelikheid om die afgedwaalde (verlore) enkelinge te gaan soek, op die skouers van die hele kudde rus. Trouens, die groter narratief bied die metafoor aan as uitbouing van die antwoord op die vraag wie die belangrikste in die koninkryk van die hemel is (Matt 18:1) en die feit dat geloof 'n sleutelkenmerk is van posisie in die koninkryk (Grundmann 1968:418).

### 3.2 Herder-kudde in Lukas

Wanneer die gelykenis van die verlore skaap in Lukas 15 hiermee in verband gebring word, kom die fokus op uitreik na verlore mense nog sterker na vore – aangesien die beswaar teen Jesus ingebring is dat Hy met sondaars en tollenaars gesels. Hybels en Mittelberg

(1994:18) merk op dat hierdie perikoop deel is van 'n siklus van drie gelykenisse wat in reaksie op die besware wat teen Jesus ingebring is, vertel word – die enigste plek in die sinoptiese evangelies waar drie stories direk na mekaar gebruik word op hierdie manier. Jesus vertel as reaksie drie gelykenisse – die verlore skaap, verlore muntstuk en verlore seun – om God se spesifieke fokus op verlore mense te verbeeld (Beyreuther 1986:567).

### 3.3 Herder-kudde in Johannes

In Johannes 10 noem Jesus Homself die Goeie Herder. Hier funksioneer die pastorale beeld as 'n aantal fluktuerende simbole om na verskillende aspekte van die werk van Christus te verwys (Dodd 1953:135). In hierdie perikoop word die metafoor gebruik om Jesus se verlossingswerk aan die kruis te verbind met die gehoorsame navolging van sy dissipels aan Hom alleen, eerder as aan geestelike leiers wat hulle sal mislei (Van der Watt 2000:71). Die fokus op die sentraliteit van Jesus se verlossingswerk word verder onderstreep deur die verwysing dat Hy die deur is waardeur die skape moet gaan.

Dis dan ook juis die vreemdheid van die metafoor – dat die herder ter wille van sy skape sal sterf (eerder as om hulle te voed en te versorg) – wat die krag van die beeld versterk (Van der Watt 2000:79): deur sy sterwe word die krag van God gedemonstreer. Hiermee word die herder en kudde pertinent gekoppel aan die verlossingswerk van Christus en die nuwe lewe wat geloof in sy sterwe en opstanding vir die kerk moontlik maak.

### 3.4 Herder-kudde in Efesiërs

In Efesiërs 4:11 word die herder-metafoor gekoppel aan die bedieningswerk van gemeenteleiers. Die ekklesiologiese aard van die perikoop in Ef 4:1–16 is voorheen beredeneer (Smit 2003:162–165). Dit val op dat die Griekse teks die pastor en leraar aan mekaar verbind as 'n vaste eenheid. Saam met die ander ampsgawes funksioneer die herder-leraar as toeruster van die res van die liggaam tot diens en die opbou van die liggaam van Christus.

Sowel Ogden (2990:62) as Guder (2000:161–165) voer aan dat die ampsgawes hier na 'n spesifieke roeping verwys waar die Woord verkondig word in die liggaam van Christus om medegelowiges op te bou tot hulle deelname aan die sending van God in die wêreld.

### 3.5 Herder-kudde in ander Nuwe Testamentiese perikope

Ander verwysings na die herder-kudde-metafoor in die Nuwe Testament sluit in:

- Handelinge 20:28 hanteer kudde en gemeente as sinonieme.
- In 1 Korintiërs 9:7 word die reg tot lewensonderhoud gekoppel aan die voorbeeld van 'n herder wat sy kudde se melk mag geniet.
- 1 Petrus 2:25 beeld Jesus as herder van mense se siele uit deur sy verlossingswerk.
- 1 Petrus 5:1–4 vergelyk die versorgingstaak van die gemeente deur die ouderlinge met die pastorale werk van 'n herder teenoor sy kudde, maar met die kwalifikasie dat dit met diensbare toewyding gepaard moet gaan, omdat hulle met die wederkoms gaan verantwoording doen aan Jesus as Opperherder.
- Hebreërs 13:20 beskryf Jesus as die groot Herder van die kudde (Beyreuther 1986:568).

### 3.6 Huisbesoek gedekonstrueer

Die gemeente is deur God verkies en vergader, sy verkose skepping (Nel 2006:12). Dit is die prototipe van die nuwe mensheid en daarom is die gemeente hoog op God se agenda vir sy wêreld (Nel 2006:13), 'n liefdesgeskenk in diens van die Koninkryk. Daarom, sê Nel (2006:14), is gemeentes God se geskenke aan elke stukkie van die wêreld, is hulle geloofsgemeenskappe wat erken dat God in hulle en in die wêreld aan die werk is, en is hulle belydende gemeenskappe wat weet wat hulle glo en bely wat hulle glo.

Hierdie ontluikende ekklesiologie beskou die kerk in wese as missionêr (Bosch 1991:372). Die kerk bestaan in haar gestuurdheid en bou haarself op ter wille van haar roeping (oftewel missie). Veral is die plaaslike gemeente geroep om die boodskap van God se verlossing uit te dra deur getuies te wees van wat God gedoen het (Guder 2000:52). Uit hierdie roepingsherontdekking is die term missionale kerk gebore. Hirsch (2006:82) verskaf 'n werksdefinisie vir missionale gemeentes as *"a community of God's people that defines itself, and organizes its life around, its real purpose of being an a-*

*gent of God's mission to the world. In other words, the church's true and authentic organizing principle is mission. When the church is in mission, it is the true church."*

Dit is veral duidelik uit bostaande kursoriese ondersoek dat die herder-metafoor 'n groter missionêre dimensie het as wat voorheen aanvaar is. Nie alleen word die metafoor op verskeie plekke aangewend om God se ontferming oor verlore enkelinge aan te dui nie, die versorgingskader van die beeld is feitlik uitsluitlik gemik op die toerusting van gemeentelede om deel te neem aan God se sending in die wêreld.

Huisbesoek in die vorm van pastorale sorg as instandhouding en persoonlike Woordverkondiging met die oog op tug, is egter eksegeties-teologies onhoudbaar. Dit val veral op dat Calvyn se keuse om die ampsbeskrywing van Efesiërs 4 te verenig in een enkele persoon en funksie sy insig dat die kerk meewerk aan Jesus se sending, verskraal. Geplaas teen die agtergrond van die Christendom-paradigma, waar die gesalfde van God 'n sentrale rol en funksie vervul, is dit egter te verstane. Dit maak in die gees van die tyd immers sin dat die kerk die somtotaal sal vorm van die *corpus Christianum* en dat gemeentelede se primêre verantwoordelikheid by onderwerping aan gesag en gehoorsame burgerskap moet lê (Mead 1991:21–22). Dat hierdie nie langer die heersende kulturele klimaat is waarin die kerk haar roeping uitleef nie, vra na die voortgesette korreksie van die idees en oordele wat gehandhaaf word (Drilling 2006:11).

## 4 MISSIONALE UITREIKBESOEKE AS OPKOMENDE BEDIENINGSPRAXIS

### 4.1 'n Hermeneuties-kommunikatiewe ekklesiologie

Die volgende hermeneuties-kommunikatiewe bedieningsmerkers is voorgestel as boustene vir 'n missionerende ekklesiologie (Smit 2008b:167):

| | IDENTI-TEIT | GROEI | DIENS |
|---|---|---|---|
| INDIVIDU: GOD-BEELDING | 'n Verbonds-gemeenskap deur die Skepper geroep | 'n Nuwe lewe deur die verlos-singswerk van Jesus Christus | Bemagtig deur die dinamiese inwerking van die Heilige Gees |
| GROEP: VERHOUDINGS-GESTALTES | 'n Dank-seggings-lewe voor die aangesig van God | Leierskap as gawe van die liggaam van Christus | Die kerk is 'n huisgesin |
| BEDIENING: MISSIONERING | LEITOUR-GIA Aanbidding gerig op die eer van die Drie-enige God | KOINONIA Gawegedre-we bedie-ning gerig op die opbou van die ge-meente | MARTURIA Lewens-getuienis gerig op die uit-breiding van God se nuwe wêreld |

Die missioneringsvlak van 'n hermeneuties-kommunikatiewe ekklesiologie lê by die plaaslike gemeente se deelname aan Christus se verlossende sending na die wêreld. Dit verteenwoordig die uitwaartse gestalte van die gemeente se bediening. Dit word veral gevind in die eredienste van die kerk, wat die sigbare aangesig van God se heil uitbeeld. Die openbare samekomste van die gemeente is juis geleenthede waarbinne die Drie-enige God se lewende teenwoordigheid erken en aangeroep word. Dit vorm ook die basis waarvandaan gelowiges hulle gemeenskaplike eenheid in Christus bely en die ruimte waar God geëer en geloof word (Smit 2008b:169). Erkenning word verleen aan die sentraliteit van die erediensbediening in veral die gereformeerde tradisie, maar by wyse van herdefiniëring word elke georganiseerde byeenkoms van die gemeente beskou om in die getuieniskarakter van Leitourgia te staan.

### 3.2 Openbare gestaltes van die kerk gedekonstrueer

Die postmoderne konteks waarbinne die kerk haar roeping moet vervul, word gekenmerk deur 'n skuif van rasionaliteit na ervaring (Sweet 1999:215). Hierdie fokusverskuiwing impakteer spesifiek op die kerk se openbare gestalte ten opsigte van die verwagtinge oor eredienste en Woordverkondiging. Sweet wys daarop dat postmoderne mense nie soseer kerk toe gaan op grond van geloof nie, maar eerder op grond van die belewenis van God se teenwoordigheid. Hy sê: *"Try-before-you-buy postmoderns will not first find the meaning of faith in Christ and then participate in the life of the church. Rather, they will participate first and then discern the meaning of faith."* Die postmoderne konteks noodsaak 'n dekonstruksie van die funksie van die openbare byeenkomste van die gemeente, weg van 'n boodskapgesentreerde byeenkoms na 'n ontmoe-tingsgesentreerde byeenkoms.

Derhalwe is die sentrale fokus van hierdie ontmoetings op die lewende God en sy teenwoordigheid by sy kudde. Dit is 'n viering van die opgestane Christus se konkrete teenwoordigheid deur die Gees. Gevolglik kan die belangrikheid van Woordverkondiging nie geïgnoreer word nie. Trouens, elke aspek van 'n missionerende erediens behoort gerig te wees op die verkondiging van die lewende God se onmiddellike teenwoordigheid en die genade wat Christus aanbied.

In die viering van hierdie genade, kan baat gevind word word by die volgende kommunikasie-beginsels, aangepas op die onderwerp onder bespreking (Heath & Heath 2007:16–18):

*Eenvoud***.** Die fokus moet wees op beginsels wat mense in staat sal stel om dit na te volg, in plaas van die aanbied van 'n oormaat van teoretiese inligting.

*Onverwagtheid***.** Ontmoetings met die lewende God dra die kern van die onverwagse. Die taak van byeenkomste sou kon wees om as fasiliteerder te dien van die gapings in mense se verhouding met God deurdat elke byeenkoms in die teken daarvan staan en beplan is om God toe te laat om hierdie gapings te vul.

*Konkreetheid***.** Die kommunikasie van die evangelie vind plaas in 'n spesifieke konteks, tyd en omgewing. In die fasilitering van God se teenwoordigheid vir 'n spesifieke gehoor is dit raadsaam om die sprong van teorie na praktyk te maak deur van die abstrakte na die konkrete te beweeg – die boodskap van Christus se redding moet in

terme van menslike dade en ander sensoriese informasie gekonkretiseer word.

*Geloofwaardigheid***.** Geloofsbyeenkomste gaan mank aan geloofwaardigheid indien die lewens van die voorgangers, die reputasie van die gemeentelede en veral die belewenis van die werklikheid van God tydens die byeenkoms onder verdenking staan. Geloofsgemeenskappe moet wegbeweeg van die verduideliking van God se genade na die viering daarvan, deur daad, getuienis en aanbidding.

*Emotief***.** Die moderne paradigma met sy klem op rasionaliteit het 'n – dikwels geregverdigde – skeptisisme teenoor emosionele godsdiensbelewening tot gevolg gehad. Die beginsel dat mense emosioneel geraak kan word deur hulle ontmoeting met God word egter gedra deur die intensie van die herder-gelykenisse in onder meer Matteus en Lukas: God se passie vir verlorenes is so groot dat Hy sy gereddense sal los in sy soeke na die verlore enkeling. Indien 'n erediens die fasiliteerder moet wees van God se passie vir die gemeente se bedieningsomgewing, kan dit nie anders as om ook te fokus op die liefdevolle emosies en aanvaarding wat die Opperherder onteenseglik vir sy kudde voel nie.

*Verhale***.** Dit spruit logieserwys voort uit die appèl op konkreetheid dat openbare byeenkomste die karakter sal hê van mense se getuienis oor God se werk in hulle lewens. Dit maak ook erns met die narratiewe aard van die Skrif en sy getuienis oor God se verlossingswerk (Wright 1991:21).


### 3.3 Bediening deur die hele gemeente

Die byeenkomste van die kerk is egter nie die somtotaal van 'n missionerende ekklesiologie nie. Daarom kan 'n gemeente se bediening na die wêreld nie opgetrek word in 'n erediens nie, net soos dit nie verskraal moet word tot 'n evangelisasiekommissie of bedieningspan wat namens die res van die gemeente God se werk probeer doen nie. Hybels (2006:63) noem hierdie praktyk 'n *"horse-trade"* waarin gelowiges hulle verantwoordelikheid en roeping versaak met die belofte om meer vroom te wees in hulle toewyding, meer betrokke by hulle gemeente, of meer kundig oor die inhoud van die Bybel. Die uiteindelike verskynsel dat hulle ongemaklik raak met mense buite die koninkryk van God, veroorsaak eventueel liefdeloosheid, wat die liefdevolle bedoeling van God se Raadsplan – om na mense uit te reik – vernietig (Hybels 2006:65).

Die skematiese voorstelling op die volgende bladsy bied 'n alternatiewe perspektief op die ekklesiologiese boustene wat nodig is om die gemeente in geheel by die missie van die gemeente te betrek:

Die metafoor wat hierdie skematiese voorstelling ten grondslag lê, is dié van 'n Chinese waaier. Nie alleen is die broosheid van die papier van so 'n waaier 'n teken van die afhanklikheid van die gemeente aan God nie, die verankering van 'n Chinese waaier aan 'n sentrale spilpunt simboliseer ook die kerk se afhanklikheid aan die Goeie Herder, Christus. Terselfdertyd vou die waaier oop om 'n delikate kunswerk bloot te lê, wat die funksie van die waaier – om mense af te koel – aantreklik te maak. Eweneens vervul die kerk haar missie wanneer sy die konstituerende elemente van haar bediening doen vanuit haar afhanklikheid aan God Drie-enig, maar ingekleur met die verhoudingsgestaltes van kerk-wees wat die kudde van God 'n aantreklike alternatief maak vir verlore mense.

Desnieteenstaande moet enkele verhelderende opmerkings gemaak word. Die skema verwoord 'n proses. Vanuit die openbare byeenkomste van die gemeente vloei bedienings voort wat ingestel is op die uitreik na mense wat op die rand van die geloofsfamilie staan – hetsy besoekers by 'n gemeente, kerklose inwoners van die omgewing, mense in konkrete nood of materiële krisisse. Die hart hiervan is die betoon van liefde soos Christus die kerk voorgegaan het. De Wet (2008:47) toon immers suksesvol aan dat die term "koinonia" onomwonde dui op gelowiges se verhouding met mekaar en met Christus Jesus as 'n pertinente verhouding van onderlinge deelgenootskap, waarvan wedersydse betrokkenheid onlosmaaklik deel is.


EKKLESIOLOGIESE BOUSTENE VIR MISSIONERENDE BEDIENING
Intergeneratiewe opbou
Efesiërs 4
MARTURIA
KOINONIA
Evangelisasiestrategie
Gasvryheid en Liefdesbetoon
Luk 15
Matteus 18
LEITOURGIA
Johannes 10
Persoonlike Roepingsuitlewing
Openbare Byeenkomste

Die opbou van die gemeente verdien aparte aandag. Ingebed in die proses soos wat dit hier beskryf word, is dit duidelik dat die toepassing van tug, as bediening van opbou, nie net tot die ampswerk van die ampsdraers beperk moet word nie, maar dat intensionele strategieë deur gemeentes ontwikkel moet word om gemeentelede in liefde tot geestelike volwassenheid, soos Efesiërs 4 dit beredeneer, op te bou. In hierdie konteks funksioneer tug minder as gesagvolle vermaning en meer as koinoniale opbou en wedersydse verantwoordbaarheid. Dit word doelbewus aan die hand van 'n intergeneratiewe benadering gedoen wat erns maak met die verskeidenheid van sosiale sisteme wat in 'n gemeente funksioneer (Van Wyk & De Klerk 2007:135).

Die fokus op die verkondiging van die evangelie verkry uiteindelik 'n regmatige getuienisplek wanneer die gemeente verder gaan as uitreikprogramme of getuienisprojekte en gemeentelede volwaardig toerus om in hulle onderskeie lewenskringe en werkkringe lewende getuies van Christus te wees.

Die uiteindelike bedieningspraktyk noodsaak dus 'n toename in persoonlike kontak met en deur gemeentelede. Hierin moet ampsdraers voorgaan, maar dan vanuit strategiese bedieningspanne rondom 'n intensionele uitreik en toerustingstrategie. Huisbesoek in die vorm van persoonlike kontak en verhoudingsbou moet in werklikheid meer plaasvind, maar dan nie as 'n oefening in gesagvolle Woordverkondiging en formele ondervraging soos dit in die verlede verstaan is nie.

## 5 GEVOLGTREKKING

Die sestal beginsels vir openbare byeenkomste van die kerk bied 'n verwysingsraamwerk vir funksionering van alle ander byeenkomste, hetsy 'n projek, vergadering, kleingroepbyeenkoms of Bybelstudiegroep is. In missionale ekklesiologie moet hierdie bousteen dus verder ontwikkel word. Net so ook moet die proses van missionering teologies verder ontwikkel word. In die wetensteoretiese diskoers is hierdie die volgende navorsingsvrae vir missionêre ekklesiologie.

In missionale ekklesiologie is dit duidelik dat persoonlike kontak tussen gelowiges onderling en tussen gelowiges en buite-kerklikes 'n voorveronderstelde bousteen is. Verder is dit duidelik dat huisbesoek as plek van persoonlike Woordverkondiging en toepassing van tug 'n eie plek in kerklike bediening gehad het, maar in 'n postmoderne

konteks uitgedien is. Die ampsdraers van die kerk is nie meer die gesagfigure wat voorheen gehelp het om die godsdienstige kultuur van die samelewing in stand te hou nie. Bowenal verskuif die predikant se taak weg van dié as primêre geestelike versorger na teologiese toeruster van gemeentelede. Dit bring 'n navorsings-gesprek oor geestelike leierskap na vore.

Indien die herder-metafoor teologies verdiskonteer word, is dit duidelik dat die missionêre gestalte van hierdie metafoor in die verlede geïgnoreer is. Bowenal is dit duidelik dat die kudde self getaak word om saam met die Goeie Herder – die Opperherder, Jesus – na die verlore en afgedwaalde skape te gaan soek. Geestelike versorging, tug en opbou word dus in die ruimte van gemeentelede se bediening met mekaar en die wêreld geplaas. Dit word uiteindelik 'n indringende navorsingsvraag: die bediening van die gelowige moet teologies ondersoek word, veral aangesien bedieningsnavorsing binne die gereformeerde tradisie dikwels net op die ampswerk van die kerklike ampsdraers gefokus het.

## LYS VAN GERAADPLEEGDE WERKE


Beyreuther, E. 1986. Shepherd, in *The New International Dictionary of New Testament Theology.* Vol 3. Grand Rapids: Regency/Zondervan:564–569.

Bosch, DJ. 1991. Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission. New York: Orbis Books.

Callahan, KL. 1990. *Effective church leadership: building on the twelve keys.* San Francisco: HarperSanFrancisco.

Calvyn, J. 1959 (zesde druk). *Institutie of Onderwijzing in de Christelijke Godsdienst.* Vertaald door A. Sizoo. Drie Volumes. Delft: WD Meinema NV.

De Klerk, JJ. 1978. *Herderkunde.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

De Wet, BW. 2008. Koinonia (deelgenootskap): 'n gemis in ons 21ste eeuse kerkbegrip. *Acta Theologica.* 28 (1):33–57.

Dodd, CH. 1953. *The interpretation of the fourth Gospel.* London: Cambridge University Press.

Drilling, P. 2006. *Premodern faith in a postmodern culture: a contemporary theology of the Trinity*. Lanham: Rowman & Littlefield.

Ernst, J (red). 2007. *Die Kerkorde van die Nederduitse Gereformeerde Kerk met reglemente, kerkordelike riglyne en funksionele*

*besluite soos vasgestel deur die Algemene Sinode in Junie 2007.* Digitale teks ontvang van die Algemene Taakspan Regte.

Grundmann, W. 1968. *Das Evangelium nach Matthäus.* Berlin: Evangelische Verlagsanstalt.

Guder, DL. 2000. *The continuing conversion of the church. The Gospel and our culture series.* Grand Rapids: Eerdmans.

Heath, C & Heath, D. 2007. Made to stick: why some ideas take hold and others come unstuck. London: Arrow Books.

Hendriks, HJ. 1997. Kerklike "megatrends": bedieningsimplikasies. *Nederduitse Gereformeerde Teologiese Tydskrif* 38(1&2):27–37.

Heitink, G. 1993. *Praktische theologie: geschiedenis, teorie, handelingsvelden.* Kampen: Kok.

Hirsch, A. 2006. *The forgotten ways: reactivating the missional church*. Grand Rapids: Brazos Press.

Hybels, B & Mittelberg, M. 1994. *Becoming a contagious Christian.* Grand Rapids: Zondervan.

Hybels, B. 2006. *Just walk across the room: simple steps pointing people to faith*. Grand Rapids: Zondervan.

Kleynhans, EPJ. 1984. *Gereformeerde kerkreg, deel 2: kerk en amp.* Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Mead, LB. 1991. *The once and future church: reinventing the congregation for a new mission frontier*. New York: The Alban Institute.

Nel, M. 2006. *Stories van hoop: gemeentes wat in hulle konteks 'n verskil maak en hoop bring.* Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Niemandt, N. 2007. *Nuwe drome vir nuwe werklikheid: geloofsgemeenskappe in pas met 'n postmoderne wêreld*. Wellington: Lux Verbi BM.

Ogden, G. 1990. *The new reformation: returning the ministry to the people of God*. Grand Rapids: Zondervan.

Robinson, BA. 2006. Trends among Christians in the U.S. [Online.] Religious Tolerance.org. www.religioustolerance.org/chr_tren.html [Site accessed 2008-03-08].

Smit, G. 2003. Gawegedrewe bediening in missionerende gemeentes. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika*. 18(2):158–178.

Smit, G. 2008a. ekklesiologiese merkers vir missionêre gemeentebediening in 'n postmoderne wêreld. *Ned Geref Teologiese Tydskrif* 49 (1 & 2):106–117.

Smit, G. 2008b. Die ontwikkeling van 'n strategiese gemeentelike ekklesiologie – op pad na 'n missionerende bedieningspraxis. *Acta Theologica* 28 (1):161–175.

Sweet, L. 1999. *Soultsunami: sink or swim in new millennium culture.* Grand Rapids: Zondervan.

Sweet, L & McLaren, BD & Haselmayer, J. 2003. *A is for abductive: the language of the emerging church.* Grand Rapids: Zondervan.

Schweizer, E. 1975. *The Good News according to Matthew.* Translated by David E Green. Atlanta: John Knox Press.

Theron, JPJ. 2006. Kritiese nadenke oor die Skriftuurlike basis vir amptelike huisbesoek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika* 21(2):147–163.

Van Der Watt, JG. 2000. *Family of the King: dynamics of metaphor in the Gospel according to John.* Leiden: Brill.

Van Wyk, G & De Klerk, BJ. 2007. Strategiese bakens vir die wisselwerking tussen eenheid, verskeidenheid en roepingsvervulling in die plaaslike kerk. *Acta Theologica* (1):134–155.

Viola, F & Barna, G. 2008. *Pagan Christianity? Exploring the roots of our church practices*. Carol Stream: BarnaBooks/Tyndale House Publishers.

Wright, NT. 1991. How can the Bible be authoritative? *Vox Evangelica* 21:7–32.